**30 Mei** **Skrifgedeelte: Psalm 68**
**Fokusgedeelte: Psalm 68:33-36**

## Gelowiges in groot getalle is deel van Jesus se triomftog

Hierdie geskiedenislied sing van oorwinning. ’n Triomftog na ’n oorlog word voorgestel en God laat sy volk Israel in sy triomf deel. Dit gryp vermoedelik simbolies en profeties vooruit op die feitelike geskiedenis van Jesus se hemelvaart – vergelyk die woorde in vers 34, “wat deur die hemele ry”.

Die vyand is verslaan, die dood is oorwin en alle mag is aan Koning Jesus gegee. Hy is die Here-eienaar aan Wie engele en kerk lof betoon. Voor Hom “wat deur die wolke ry” buig mense hul knieë en tonge bely dat Hy die hoogste Here is, die Oorwinnaar oor die slang van ouds. Hy is tog “uit die voortyd” (vs 34) en na die tyd sal Hy steeds die Here wees, groot en triomfantlik, ewig heerlik.

Intussen gaan hierdie Psalm profeties in vervulling as meer en meer mense hul by die triomftog aansluit om onder inspirasie van die Heilige Gees hoopvol uit te reik na die finale dag wanneer die geskiedenis eindig voor die groot wit troon.

*Sing: Psalm 68:9 en 71:14* *Ds. PK Lourens (Bloemfontein-Oos)*